

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2013

Preek 10

Lees: Fil.2:1-18

Teks: Fil.2:14-16a

Datum: 13 April 2014

Psalms: 43:3,4; 25:7; 27:4; 119:39,48

1. Inleiding:

As gelowiges is ons nie alleen hier op aarde nie:

- Ons het 'n roeping teenoor ons broeders en susters.
- Ons het óók 'n roeping ten opsigte van hulle wat buite is: die heidene.
- Ons het 'n roeping teenoor almal, wat die Here nie ken nie en daardie volke wat nog nooit van Hom gehoor het nie.

In 'n land wat besig is om wegsink in goddeloosheid en in 'n samelewing waaroor die duisternis van die sonde al dikker word en die Woord van die HERE so weinig eerbiedig word, het ons 'n van God gegewe taak.

Dit is daardie opdrag en roeping wat in ons teksverse uitgespel word.

In verband met ons teksverse let ons daarom op die volgende:

1. die duisternis rondom ons;
2. ons opdrag om ligdraers te wees; en

3. hoe ons waarlik 'n lig kan wees vir die wat in die donker sit.

Eerstens dan:

2.1. die duisternis rondom ons

In v.15 gee die apostel aan ons 'n portret van die mensdom. Hy noem dit '***n krom en verdraaide geslag***. Daarmee bedoel hy 'n mensheid wat geheel en al verdorwe is, 'n mensdom wat van God en sy Evangelie en gebod niks wil weet nie, maar in goddeloosheid volleerd was.

So het die wêreld waarin die gemeente van Filippi moes leef, daar uit gesien: 'n krom en verdraaide geslag wat God en sy wet nie geken het en nie wou ken nie. Maar dit is nie alleen 'n beskrywing van die samelewing in die tyd van die Filippense nie. Paulus gee ons ook 'n beeld van die geesteklimaat waarin die kerk van alle eeue moet leef en asemhaal.

1. Om maar eers te begin by ***die destydse heidense wêreld***: die geestelike atmosfeer was besoedel van die afgode. In elke stad in die Romeinse Ryk - en dit sluit ook Filippi in - was daar 'n mag der menigte afgodstempels. Dit was dus nie 'n geval van dat die mense ongodsdienstig was nie, maar hulle het nie die enige ware God gedien nie. Elke dag is die gelowiges met hierdie afgodery en met afgodsdienaars gekonfronteer: by die werk, op straat en selfs in eie gesin en familie.

Verder was die sedelike verval iets verskrikliks. Tempelprostitusie byvoorbeeld was 'n normale verskynsel. Dit was deel van verskillende van die afgodsdienste. Seksuele verwording en uitspattighede was vir die Filippense 'n alledaagse ding. Daar was korrupsie, drankmisbruik en noem maar op.

2. So het die leefwêreld van die Filippense dus daar uitgesien. Maar elke gelowige wat nie 'n vreemdeling in Jerusalem is nie, sal sekerlik erken: ***so lyk ook ons samelewing***: dit is eweneens 'n krom en verdraaide geslag. Weinig vra nog werklik na die wil van die Here.

Net soos die Romeinse Ryk het ons ook afgode genoeg. Ons sien hulle nie net op straat soos die Filippense nie. Nee, in ons tyd word dit selfs in ons huise ingedra deur die TV. Daaglik lok die sportafgod en die godin van seksuele liefde ons via die kykkassie om hulle te aanbid: moenie aan God dink op 'n Sondag nie; vergeet dat dit sy dag is; kom buig jou

voor my, die rugbygod of die krieketgod of die tennisgod neer. En die meeste mense, ja selfs die meeste kerkmense doen dit maar al te graag.

Ag, ons ken ook die seksuele verwildering, net soos die kerkgangers uit Paulus se dae. Hoe word ons nie oorstroom deur pornografie nie.

Aborsie, die afskaffing van die doodstraf, korrupsie, dobbelary en lotery - ons hoor elke dag daarvan en soms neem ons ook nog deel daaraan.

Maar dit is genoeg om u te laat sien: ook ons leef as kerk van die twintigste eeu te midde van 'n krom en verdraaide geslag.

In navolging van die Bybel wil ek praat van 'n wêreld in DUISTERNIS gehul.

In so 'n wêreld roep die Heilige Gees ons op:

2.2 om ligdraers te wees

Wat dit presies behels, lees ons in vers 14 waar Paulus die kerk beveel: ***Doen alles sonder murmurering en teëspraak.***

Daardie ***alles*** slaan weer terug op vers 5 waar die apostel ons opgeroep het tot ***die gesindheid van Christus***. Soos ons Heiland moet ons diensknegte word. Net soos Hy moet ons beheers word deur die eer van God; net soos Hy ons moet verlang daarna om die wil van die Here te doen. Net soos ons Here Jesus moet ons begeer dat ook ons naaste mag deel in die heil van God.

En nou sê die apostel ook **hoé** ons hierdie **dienswerk** moet verrig: Doen dit ***sonder murmurering en teëspraak***. Dit is 'n beeld wat ontleen is aan Israel se woestynreis nadat hulle uit Egipte verlos is. U weet hoeveel maal hulle teen die Here gemurmureer. By die geringste teëspoed en die minste teenslag het hulle in opstand gekom: Waarom moet ons hierdie moeilike pad gaan? En dan het hulle begin terugpraat teen God en gewens dat hulle maar liever kon teruggaan na die vleispotte van Egipte. Hulle was allermens gewillige diensknegte.

Maar ons moet weet: Só kan ons ook ons dienswerk as gelowiges in hierdie wêreld verrig: al murmurerende en klaende! Nee, Here, ek gaan dit nie doen nie. Laat die dominee of die kerkraad dit maar doen. Ek kan nie ander van die evangelie vertel nie. *Of*: nee, dis darem te swaar om op my beginsels te staan en standpunt in te neem. Dit maak my te ongewild.

Nee, so mag ons ons dienswerk nie verrig nie. Dit moet met vreugde gepaard gaan. Dan, sê Paulus, is ons kinders van God te midde van ‘n krom en verdraaide geslag.

Ons leef **te midde van** ‘n afvallige mensheid. En na ons bekering bly ons ook nog daar staan: in die midde van die verdorwe mensdom. Want Christenskap beteken nie om jou in ‘n klooster terug te trek en jou van die goddelose wêreld af te sonder nie. Die **sout** is immers nie bedoel vir die soutpotjie nie. Die sout moet deur die kos geroer word. En die **lig** is nie daar om onder die maatemmer gesit te word nie. Dit hoort op die staander om so to seën en vreugde van almal in die huis te wees. So het u as gelowige die roeping om in hierdie wêreld uit te kom vir u beginsels en standpunt in te neem teen wat verkeerd is.

‘n Lig en ‘n sout vir die heidene, maar ook – vir ons afvallige broeders en susters.

Want in my studie van vers 15 het ek tot die ontdekking gekom dat hierdie woorde **‘n krom en verdraaide geslag** uit Deuteronomium 32:5 kom. Dit is dus ‘n gedeelte uit die lied van Moses. Maar waarop ek veral in die verband u aandag wil vestig, is die feit dat Moses daar nie die heidene ‘n krom en verdraaide geslag noem nie. Nee, hy sê dit van Israel, van die kerkvolk in sy tyd. Met hulle gemurmureer, met hulle aanhoudende opstand en onwilligheid, het hulle dus ook geword wat die wêreld was: ‘n krom en verdraaide geslag. Hulle het verwêreldlik.

En daarom is dit nie verniet dat Paulus juis hierdie teks aanhaal nie. Hy wil die gemeente van die Filippense waarsku om nie soos die wêreld en om nie soos ou Israel te word nie. Ons moet TE MIDDE VAN die wêreld wees, maar NIE SOOS hulle nie. Ons moet nie met die wêreld en die wêreldse dinge saamgaan nie. Ons moet byvoorbeeld nie meedoen aan die gees van sabbatsontheiliging en dobbelary nie.

Om dit ‘n bietjie anders te stel: **te midde van ‘n krom en verdraaide geslag** moet ons **nie** die funksie van ‘n **spons** vervul wat gretig die duisternis opsuig nie. Ons moet nie met die wêreld meedoen doen nie, maar ons moet ‘n **lig** wees wat die duisternis verdryf.

Ons moet die lig laat skyn uit al die vensters van ons lewe. Ons lewe het duisende vensters. Daar is die venster van ons huwelik en die venster van ons gesin, die venster van werk en die venster van ons ontspanning, die venster van ons smart en die venster van ons vreugde, die venster van ons begrafnis en die venster van ons bruilof. Aan alle kante moet die lig uit ons lewenshuis straal.

Ek bedoel maar: uit ons gesinslewe, in ons ontspanning, in ons werk, moet dit blyk dat ons Christene is, dat ons leef vanuit die verlossing van Christus. Dan beteken ons iets vir die wêreld.

Daar is soveel donkerheid in ons tyd. Daar is soveel mense wat smag na lig. En dan is dit heerlik dat ons as gelowiges 'n lig kan wees in 'n donker kantoor en in 'n donker huwelik en in 'n donker werksplek. Oral kan ons ons lig laat skyn en die lig en die vreugde van die evangelie bring.

Dit bring ons by die derde hoofpunt naamlik:

2.3. hoe ons waarlik lig kan wees vir die wat in die donker sit

Julle moet skyn soos ligte in die wêreld, sê Paulus, *deurdat julle die woord van die lewe vashou*.

Dit is weer so 'n pragtige beeld. Dit is ook weer so tipies Paulus om 'n beeld uit die alledaagse lewe van die Filippense te neem, om daarmee 'n geestelike saak te verduidelik en toe te lig:

Dit was naamlik so dat die **heidene** dikwels in verband met hulle godsdiens optogte gehou het deur die strate van die dorpe en stede. In daardie **optogte** het toegewyde volgelinge van die afgode **met fakkels geloop** om die aandag van die menigte te trek.

En nou sê Paulus vir die gemeente: SO moet JULLE aan die wêreld die fakkel van die Woord van die lewe voorhou dat almal dit kan sien.

Die fakkel wat ons moet dra, beskryf Paulus dus as *die woord van die lewe*. Dit is niks anders as die evangelie nie. Die blye boodskap is die woord van die lewe. Ons kan ook maar sê: **die woord wat lewe gee**. En dan word met lewe nie maar net die gewone lewe, die liggaamlike lewe (om asem te haal en dat jou hart klop en sulke dinge) bedoel nie. Nee, dit gaan om veel en veel meer. Dit gaan om lewe in die diepste en die rykste sin van die woord: om lewe in God se teenwoordigheid, lewe in die lig van sy vriendelike aangesig. Wie God se liefde ondervind, lewe waaragtig, maar sonder God is ons lewende dooies. As ons leef onder sy toorn, loop ons met die dood in ons skoene.

Deur die sonde is ons verhouding met God bederf en verkeer ons almal onder die oordeel van die ewige dood. Ons is ook dood in die opsig dat ons niks anders as sonde kan doen nie: Ons is dood in die misdade en die sonde.

Maar dit is die wonder van die evangelie, God se lewegewende woord: dit verlos ons van die toorn en dit skenk aan ons die lewe terug. Dit wek ons ook op uit die doodstoestand van die sonde en maak ons lewendig om vir God te lewe. Dit het Christus alles gedoen. **Hy is ons lewe.**

In die evangelie word *Christus* ook aan ons voorgehou as *die lig van die wêreld*. Want Hy is immers die een wat deur sy oorwinning die duisternis van sonde en dood verjaag het. Hy is die lig vir elkeen wat in Hom glo. Oor Hom gaan dit in die Woord. Daarom word die Woord ook ‘n fakkeltjie of ‘n lig genoem. Ons het juis in Ps.119:39 daarvan gesing:

HEER, u woord is my ‘n fakkeltjie
wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse
van my lewenspad verja.”

As hier daarom staan dat ons die woord van die lewe aan mense moet voorhou en soos ‘n fakkeltjie na hulle moet uitsteek, beteken dit dus niks anders as dat ons Christus - die lig en die lewe - aan hulle moet verkondig.

Ons kom soveel kere in aanraking met mense wat in die duister sit: in die donker van die heidendom, in die duisternis van ‘n deur die sonde verbroke verhouding, in die donker van ‘n sondige luste en dade. En dan is dit ons plig om die mense se lewens te verlig met die verlossende evangelie.

Maar dit gaan nie net daarom dat ons aan ander met woorde sal vertel wat Christus gedoen het nie. Ook ons lewe, ons dade, ons huwelik, ons verhouding met ander, moet vir ander ‘n toonbeeld wees van die lewe en die lig wat die evangelie aan ‘n mens skenk.

3. Slot

Ons teksverse roep ons op om na buite te gaan met die lig wat ons het: ons moet Christus verkondig in ons woorde en in ons wandel.

Dit kan ons net doen as ons die fakkeltjie van die Woord, die Lig van die lewe – as ons Christus vashou.

AMEN